PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

Polsslag

Rom 12:2

Gereformeerde Kerk Benoni

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
☎ 011 849 6817
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

14 Mei 2017

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

OGGENDDIENS 09:00

ds. Louis Buys

Skriflesing: *Nehemia 2: 18-20; 6:15&16; 8:1-5 & :10-13*

Teksvers: *Nehemia 2:20; 10:39*

Tema: *Die Here voltooi die werke wat Hy met ons begin het. Ons dank Hom daarvoor!*

LOF- & AANBIDDINSDIENS 18:00

ds. Hendrik van Deventer

Tema: R.S.V. P

AANDDIENS 18:30

ds. Louis Buys

Skriflesing*: Lukas 19:1-10*

Teksvers*: Lukas 19:7, 8 & 9*

Tema*: Was Jesus al die eregas aan jou tafel?*

ORRELISTE VANDAG

Oggenddiens:	Tarina van der Merwe
Aanddiens:	Tarina van der Merwe

KNIELTYD - Ons gee om vir mekaar

DANKBAARHEID:

- Ons is saam met Judy Greyling dankbaar aan ons Hemelse Vader vir Sy groot genade. Sy is nou 5 jaar skoon van kanker, en moet DV volgende jaar eers weer vir toetse gaan .

GEMEENTE - EN ATTESTAAT NUUS:

Die volgende lidmate word vandag as diakens bevestig:

* Walter Buma as wyksleier vir Wyk wyk D 20
* Pieter du Plessis as wyksleier vir wyk D 18
* Lisa Nel as diesgroepleier vir Lukas 15 diensgroep
* Joe Duvenhage as wyksleier vir wyk D 21
* Danie Barnardo as wyksleier vir wyk C12

Die volgende lidmate word vandag onthef van hul roepings as wyksleiers:

* Pieter Classen
* Mariëtte Keyser
* Elmarie Keyser
* Reinette Classen

Ons verwelkom die volgende wat met attestaat by ons aansluit:

- Marie le Roux vanaf GK Boksburg-Suid
- Giel en Elize Oberholzer vanaf GK Kathu

Hartlik welkom, ons hoop dat julle spoedig tuis sal voel by GK-Benoni

- Martie Stigling het vetrek met bewys van lidmaatskap.

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS.
KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE NA DIE EREDIENS IN DIE SAAL.

DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK

DAG		AKTIWITEIT	KONTAK PERSOON	LOKAAL
So. 14/05	08:00 - 09:00 09:00 Na oggenddiens Na oggenddiens 18:00	Gebedsuur Peueterklas (2-4jaar) Wyksleiers toerusting Katkisasie gr 1-7 Katkisasie gr. 8-11	Donsie Krüger Anneke Salomons Louis Buys Adri van Tonder Adri van Tonder	Ou Moederskamer Kerkhuis Kerkgebou Onderskeie lokale Onderskeie lokale
Ma. 15/05	09:30	Bybelstudie Rynpark 5	Adrie Goede	Rynpark 5
Di 16/05	09:00	Koördineringsvergadering		Konsistorie
Wo. 17/05	09:30 18:30	Palms Kairos kursus	Una Steyn Louis Buys	Kerksaal Jeuglokaal
Vr. 19/05	09:00	Bybelstudie Kairos Kursus Jeugaksie—Museum	Braam Krüger Louis Buys Adri van Tonder	Konsistorie Jeuglokaal Museum - Pretoria
Sa. 20/05	08:30 - 15:00	Kairos Kursus	Louis Buys	Jeuglokaal

MASSA LOF– EN AANBIDDINGSDIENS
VANDAG @ 17:00

PREDIKER: HENDRIK VAN DEVENTER

TEMA: $R_1 S_1 V_4 P_3$

Aanbidding is nie net 'n paar liedjies wat gesing word nie, maar dit is 'n manier van leef. 'n Leefstyl van aanbidding word gekweek in jou afhanklikheid van God.
"Worship is a response to revelation".
Hoe meer openbarings ons in ons persoonlike tyd kry van God hoe groter gaan ons reaksie in aanbidding wees.
Muffins & warm sjokalade na die diens.

Navrae: Melani van Wyk ☎ 072 592 8866

PALMS BYEENKOMS
17 MEI 2017
09:30 VIR 10:00

Alle Palms word genooi vir 'n oggend van vermaak, Woensdag 17 Mei.
Die kleuters van die Pikkewyntjie kleuterskool gaan optree, en daar sal ook 'n gasspreker wees.

Navrae: Una Steyn ☎ 083 309 4017

AANDAG ALLE JEUG –JEUGAKSIE
NAG BY DIE MUSEUM

Datum: Vertrek DV 19 Mei 2017 om 17:00 vanaf die kerk
Waar: Transvaalse Museum Pretoria
Wie kan gaan? Alle Laerskool en Hoërskool katkisante
Koste:
GK Benoni katkisante (kinders): Donasies welkom
Volwassenes/Ander kinders: R150.00pp
Wat bring ek saam?
1. Slaapsak en kussing
2. Toiletware (slegs basiese geriewe is beskikbaar– geen bad of stort)
3. Klere om in te slaap en vir volgende dag
4. Eetgerei
5. Pen/potlood
6. Flits of koplig
7. Middernag verversings
8. Kamera – op eie risiko
9. Vrywaringsvorm:- vra by adri@lahanilodge.co.za

Waar gaan ons slaap?
In die museum, seuns en meisies in aparte uitstallingsale, met 'n toesighouer by elke groep

Wanneer is ons terug?
Ons beplan om teen 09:00 Saterdag oggend te vertrek by die museum.

RSVP:
15 Mei 2017 by Adri - adri@lahanilodge.co.za

HEMELVAARTSDIENS
DONDERDAG 25 MEI @ 18:30

Op **Hemelvaartsdag** (Latyn: Ascensionis Domini) vier Christene dat Christus ná die kruisiging en opstanding in die hemel opgevaar het. Die viering van Jesus se hemelvaart is een van die hooffeeste van die kerk. Hemelvaartsdag val altyd op die veertigste dag gereken vanaf Eerste Paasdag, vandaar dat die datum elke jaar verskil. Hemelvaartsdag val wél elke jaar op 'n Donderdag. Hemelvaartsdag val tien dae vóór Pinkster.

Kom vier hierdie betekenisvolle gebeurtenis saam met ons! Almal baie welkom.
Sop en broodjies sal na die diens bedien word.

NAGMAALSETE 21 MEI @ 11:30

DV Sondag, 21 Mei vier ons nagmaal, alle lidmate uitgenooi om middagete saam te kom geniet.
Spyskaart: Herderspastei, slaaie, broodrolletjie en appeltert vir nagereg.
Almal welkom.
Onthou eie drinkgoed en eetgerei.
Skryf asb jou naam op die lys in die saal as jy kom.

SUSTERSSAAMTREK 2018.

Gemeente, ons wil graag die saamtrek by ons kerk aanbied. Die saal is egter nie groot genoeg om die aantal susters te akkomodeer nie. Ons beplan om n Bedouin tent op te slaan vir die dag. As u so geroepe voel om 'n donasie te gee, spesifiek vir die huur van die tent, plaas asb n koevertjie duidelik gemerk "**saamtrek tent"** in die kollekte sakkie. Alternatiewelik kan u dit aan Ina v Eeden oorhandig. Dankie by voorbaat.
Vanaf die sustersbestuur.

TEESKINK BEURTE	
Vandag	Wyk F 29 olv. Johan Ligthelm
Volgende week	Wyk E 25 A olv Johan Pretorius
OUDERLING DIENSBEURTE	
Vandag	Gerrie Kriek
Volgende week	Hennie Coetzer

SANGGROEP:

Hiermee weereens 'n ope uitnodiging aan gemeentelede om saam te kom sing tot eer van die Here.
Ons oefen elke Sondag om 17:00 in die saal met die oog op die Paas/Pinkstersangdiens wat op 4 Junie gaan plaasvind.
Dit is nog nie te laat nie – kom sing asb. saam.
Kontak Tarina van der Merwe 083 785 5345.

VERJAARSDAE
14 - 20 Mei 2017

DAG	NAAM	KONTAK NO.
14/05	Dick Kruger *	083 229 5383
15/05	Elmarie Keyser	082 327 8699
16/05	Eloise van der Walt ☺ Armand Bezuidenhout	 071 641 1836
17/05	Gerrit van Niekerk Bert van Krieken ** Riana van der Westhuizen John Jonas	079 510 7999 082 514 4681 074 165 4885 079 526 3741
18/05	Antoné Harmse ☺ Hand Grobler Dries Giliomee	 082 897 0801 072 080 1035
19/05	Zandalee van Zyl Johan Claassen	082 658 6758
20/05	Rina van den Berg Dionne Bloem ☺	073 194 5568

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

BYBELVRAAG VIR DIE WEEK

Verlede keer 7 Mei 2017 se antwoord. Jeremia 29:11
" Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here. Voorspoed en nie teenspoed nie. Ek wil vir julle 'n **toekoms gee 'n verwagting**. "
Die volgende Bybel lesers het korrekte antwoorde ingestuur Jan Lubbe; Martie Gibson ; Una Steyn; Klein de Kock; Jan Bakker ; Judy Greyling; Chrissie Pretorius
Hierdie week: Soek die Bybelvers
" Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir **?? ??? ?????????** "
Vraag: Vir wie skryf die apostel Paulus in hierdie brief, moet ons gedurig bid?
Lees gerus Efesiërs en noem vir wie ons gedurig moet bid en noem waar bostaande vers staan en SMS dit met jou Naam en Van na 082 873 3173.

DEEL 15

'CALVYN 'N VLUGTELING - SENDELING'

14 Mei 2017 Johan van der Merwe Reformasie 500, teologie

Op reis terug na die Reformasie, ontmoet ons vir Calvyn op 23 Augustus 1534 in Parys. Hy stap saam met mede-Katolieke in 'n optog waarin daar vir die slagoffers van die Swart Dood gebid word.

Sy lewe sou egter binne maande 'n totale omwenteling ondergaan. Na 'n lesing van sy vriend, Niclaas Cop, rector van die Universiteit van Parys, oor die saligsprekinge, moes Calvyn ook vir sy lewe vlug. Die geleerde van Parys het binne dae 'n protestantse vlugteling geword wat die evangelie in kelders en grotte verkondig het.

Calvyn vlug na Basel, maar op pad daarheen dwing 'n militêre padblokkade hom om deur Geneve te reis. Dit is daar, waar Farel, hoof van die kerk in Geneve, by Calvyn pleit om aan te bly en te help met die uitbou van die gemeente.

Die eerste vyf maande het Calvyn, sonder inkomste, geen indruk op die gemeente gemaak nie. Sy deurbraak het egter gekom tydens 'n teologiese debat waar hy 'n groot indruk gemaak het met sy teologiese kennis. Kort daarna is hy aangestel as een van die leraars van die gemeente met die opdrag om 'n geloofsbelydenis en 'n kerkorde vir die gemeenskap op te stel.

Sy kerkorde is in Januarie 1537 deur die stadsbestuur aanvaar, maar is onmiddellik met groot weerstand deur die inwoners begroet. Dit was veral die artikel wat bepaal het dat al die lidmate in die openbaar belydenis van hulle geloof moes doen, wat groot reaksie ontlok het. Daar was ook hewige reaksie teen 'n dissiplinêre proses vir morele oortredings. Weerstand teen Calvyn en Farel het so toegeneem dat hulle verban is.

Hierdie gebeure lei Calvyn na Stassburg, waar hy op uitnodiging van Martin Bucer in 1538 met 'n bediening onder Franse vlugtelinge soos hyself begin het. Oorlewering wil dit hê dat Calvyn drie gelukkige jare in Strassburg deurgebring het. Die gemeente het hom heelhartig aanvaar, hy kon verder studeer, het aan teologiese debatte deelgeneem en het bevriend geraak met die Duitse hervormer, Melanchton.

In 1540 is Calvyn getroud met Idelette de Bure, die weduwee van Jan Stordeur, wat hom tot met sy dood versorg het. Calvyn was nie gesond nie, en het onder andere gely aan kroniese hoofpyn, long– en maagprobleme, jig, artritis en slaaploosheid. Volgens Beza was dit slegs te danke aan Idelette se versorging dat Calvyn met sy bediening kon voortgaan.

LEES VOLGENDE WEEK: CALVYN - STADSVADER VAN GENÈVE

KOLLEKTES 7 Mei 2017

- Diens van Barmhartigheid : R 8627
- Dankbaarheidsfonds : R 3126
- Jeugfonds: : R 122

Vandag: Onder die diens: DVB
By die deure: Emeritaatsversorgings Trust
Volgende week: GKSA Sustentasie

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE:

BANK - ABSA
TJEK REK - 220 340 333
VERWYSING - Volle Naam, Van & Doel

Of Snapscan:

Diens van Barmhartigheid

Emeritaatsversorgings Trust